

Hoofstuk van die dag: Hosea 12

> *Wat jy moet doen, is om na jou God toe terug te keer: jy moet Hom liefhê en sy bevele gehoorsaam, jy moet jou hoop altyd op jou God vestig. (vers 7)*

Die moeilikheid met Israel, sê die Here, is dat hulle na hulle

vader Jakob aard. Hy het sy broer Esau onderkruip van voor sy geboorte af (vers 4, vgl Gen 25:26). Later het hy met God by die Jabbok geworstel (vers 5, vgl Gen 32:24) en gehuil om sy broer se hart sag te maak (Gen 33:4).
Nou meen Israel dat God met hulle sal kom praat soos Hy destyds aan Jakob by Bet-El verskyn het (Gen 28:12-15) as hulle net die volle Naam van die Here noem (vers 6).
Nee, antwoord Hosea. Dit werk nie so nie. Wat jy moet doen is om na God toe terug te keer. Jy moet Hom liefhê, sy bevele gehoorsaam en altyd jou hoop op Hom vestig (vers 7).
Daar is vandag nog mense wat dink as hulle al die Hebreeuse Name van God opnoem, dit op een of ander wonderlike manier vir God in beweging sal bring. Nee. Jy moet God liefhê, jou hoop op Hom vestig en sy Woord gehoorsaam. Dán ervaar jy sy seëninge.

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026